Armeniasingel 28
Plattekloof Glen
7460

Amanzi Trails CC
Reg nr: CK 98/27881/23

Tel: 021 559 1573 (++27)
Fax: 086 767 2726
Sel: 072 229 4672 (++27)

Epos: info@amanzitrails.co.za
Web: www.amanzitrails.co.za

Amanzi Trails
RIVER ADVENTURES

Dankie vir u belangstelling om by Amanzi Trails vir 'n kano-avontuur aan te sluit. **Klik hier** om 'n kort video te besigtig.

DIE BESTEMMING
★ Noordoewer, Namibia
★ ± 700 km vanaf Kaapstad, ± 800 km vanaf Windhoek, ± 1350 km vanaf Johannesburg

DIE ROETE
★ loop deur die ruigtes van die Richtersveldberge
★ is 'n gesinsvriendelike gedeelte van die rivier wat geen vorige roei-ervaring nodig het nie
★ kan in enige seisoen geroei word
★ begin ± 16 km stroom-af vanaf die Suid-Afrikaanse/Namibiese grenspos (Vioolddrif/Noordoewer)
★ is 'n 3½- of 4-dag roete vanaf ons basiskamp tot Aussenkehr (65 km) of Grootpens (88 km) afhanged van watervlak
★ bestaan uit 4 of 5 nagte op die rivieroewer (kampering)
★ alternatiewe lengte opsies is ook beskikbaar (een-dag roetes tot 7 dae tot by die Visriviermond/Sendelingsdrif)

SPYSENIERING
★ alle etes van aandete op aand van aankoms tot ontbyt op dag van vertrek is ingesluit
★ drinkgoed en peuselgoed op eie koste (koffie en tee word voorsien)
★ persoonlike eetgerei moet saamgebring word
★ doen navrae oor self-bediening opsie indien nodig

TOERUSTING VERSKAF
★ 2-sitplek Indian mohawk glasvesel kano of opblaasboot ("croc") (opblaasbote moet voor die tyd bespreek word)
★ 4 x 25-liter emmers per kano (2 per persoon) of 2 x 50-liter "dry bags" per opblaasboot (1 per persoon)
★ 1 koelhouer (±45-liter) met ys per kano/opblaasboot
★ reddingsbaadjie en roeispaan

DIE NATUUR
★ meer as 100 voëlsoorte is al deur Amanzi Trails gidse geïdentifiseer
★ blou-aap en bobbejaan, likkewaan (Cape monitor), waaierstertmeerkat, Smith's rooiklipkonyn, gewone otter, swartrug jackals, steenbok en klipspringer kan gesien word
★ fassinerende aardkundige formasies
★ San rotsgraveerkuns ("petroglyphs")
★ ongebruikte kalsium fluoried (fluospar) myn
★ visvang: barber (rekord van Amanzi Trails kliente 29 kg), geelvis (rekord van Amanzi Trails kliente 9.2 kg)

BESPREKINGS
'n Bespreking sal gemaak word met ontvangs van die volgende:
★ 'n voltooide besprekingsvorm
★ 'n voltooide vrywaringsvorm per persoon
★ bewys van betaling van deposito
Lees asseblief die besprekingsvorm (uitgereik op versoek) deur vir 'n verduideliking van die besprekingsprosedure en kansellasie beleid.

GRENSPOS VEREISTES
Paspoorte
★ Elke nie-Namibiese deelnemer moet 'n paspoort hê wat geldig is vir 6 maande na uitgang van Namibië.
★ Aansoek om 'n Suid-Afrikaanse paspoort neem tot 3-6 weke.
★ Nood- en tydelike pasporte word nie meer die Suid-Afrikaanse Departement van Binnelandse Sake uitgereik nie.

Addisionele inligting vir minderjariges (o/18 jaar) wat Suid Afrika verlaat of ingaan (sien aanhegsel)

★ Minderjariges (onder 18 jaar) moet hul eie paspoort hê.
★ Paspoorte vir minderjariges is net vir 5 jaar geldig en nie vir 10 jaar soos in die geval van volwassenes nie.
★ Minderjariges moet OOK in besit van 'n volledige ("unabridged") geboortesertifikaat wees.
★ Minderjariges wat nie saam met albei ouers soos op die volledige geboortesertifikaat reis nie moet ook 'n beëdigde verklaring van die afwesige ouer(s)/wetlike voog(de) hê wat geteken en gestempel is deur 'n kommissaris van ede wat 'n tydelike voog (by. 'n familielid, vriend of onderwyser met wie die kind reis) toestemming gee om Suid-Afrika te verlaat/terug te kom met sy/haar kind.
★ Waar die naam van 'n ouer op sy/haar identiteitsdokument verskil van dié op die volledige geboortesertifikaat, is 'n gesertifiseerde kopië van die document wat die verskil verduidelik nodig (bv. 'n huwelikssertifikaat).
★ Aansoek om 'n paspoort neem 3–6 weke en om 'n volledige geboortesertifikaat neem 6–12 weke.
★ Indien 'n volledige geboortesertifikaat nie betyds ontvang word nie, reik die Departement van Binnelandse Sake 'n brief uit wat by grensposte aanvaar word.
★ As minderjariges van 16 jaar en ouer om 'n paspoort aansoek doen moet hy/sy in besit van 'n identiteitsdokument wees; dus is 'n addisionele 6–12 weke nodig indien aansoek om 'n identiteitsdokument eers gedoen moet word.
★ Wanneer aansoek om 'n paspoort vir 'n minderjarige gedoen word, moet al twee ouers die aansoek onderteken en hul identiteitsdokumente toon. Waar 'n ouer onbeskikbaar is of in 'n ander stad/dorp woon, kan een van die ouers aansoek doen by hul naaste tak. Die ander ouer kan aansoek by 'n ander kantoor doen en vir die Binnelandse Sake beampte sê by watter kantoor die oorspronklike aansoek gedoen was.
★ Afskrifte van dokumente word aanvaar maar moet deur 'n kommissaris van ede gesertifiseer word.
★ Die datum van die stempel op afskrifte en beëdigde verklarings moet binne 3 maande wees van die datum van terugkeer Suid-Afrika toe.
★ Alle afskrifte moet op A4 papier wees; moet nie skoonpapier afsny nie.

Vir navrae oor Suid-Afrikaanse paspoorte, identiteitsdokumente en volledige geboortesertifikate kontak Binnelandse Sake op 0800 60 11 90 of kontak 'n Binnelandse Sake streekskantoor.

Visums vir Namibië vir nie-Suid-Afrikaanse burgers

★ Deelnemers wat nie met 'n Suid-Afrikaanse paspoort reis nie moet by Namibië Toerisme (NTB)* navraag doen oor visumvereistes. [tel: ++27 (0)21 422 3298; naminfo@saol.com].
★ Maak asseblief seker dat u visum u toelaat om Namibië in te gaan EN om na Suid-Afrika/ander land terug te keer.

Nie-Suid-Afrikaners met permanente verblyf in Suid-Afrika en Suid-Afrikaners met dubbele burgerskap

★ Suid-Afrikaners met dubbele burgerskap en nie-Suid-Afrikaners met permanente verblyf in Suid-Afrika moet asseblief seker maak dat alle reisdokumente in orde is om Suid-Afrika te verlaat en terug te keer. Kontak Binnelandse Sake om vas te stel wat verlang word.
★ Dié wat permanente verblyf in Suid-Afrika het moet Suid-Afrika op 'n geldige Suid-Afrikaanse paspoort verlaat OF moet 'n permanente verblyfstempel in hul nie-Suid-Afrikaanse paspoort hê.

LET ASSEBLIEF WEL DAT ONGELUKKIG KAN GEEN BYSTAND GEGEE WORD AAN DEELNEMERS SONDER GELDIGE REISDOKUMENTE EN GEEN TERUGBETALINGS KAN GEGEE WORD IN DIE GEVAL VAN ONTREKKING WEENS PASPOORT/ VISUM PROBLEME.

Voertuie wat nie in Namibië geregistreer is nie

★ 'n Voertug en sleepwa fooi is by die Namibiese grenspos betaalbaar (kontak NTB* vir huidige tariewe).
★ Alhoewel daar nie dikwels daarvoor gevra word nie, word die volgende dokumente amptelik verlang:
  - gesertifiseerde kopie van voertuig registrasie/lisensie dokumente;
  - bevestiging van versekeringsmaatskappy dat hulle in kennis gestel is dat die voertuig Suid-Afrika verlaat;
  - vir gefinanseerde voertuie: 'n gesertifiseerde brief van die finansierder wat toestemming gee dat die voertuig Suid-Afrika mag verlaat;
  - waar u nie die eienaar van die voertuig is, 'n beëdigde verklaring van die eienaar gesertifiseer deur 'n kommissaris van ede wat toestemming gee dat u Suid-Afrika met die voertuig mag verlaat;
  - vir huurvoertuie: 'n gesertifiseerde brief van die huurmaatskappy wat toestemming gee dat u Suid-Afrika met die voertuig mag verlaat.
★ ZA plakkers (beskikbaar by die AA) word verlang.

Vir verdere inligting en fotos kyk op ons webblad **www.amanzitrails.co.za**. Kontak ons ook gerus op bogenoemde nommers.